

Ekonomiese herstel steeds die tema vir 2011

Wêreldwye ekonomiese nuus: Februarie 2011

Deur Kevin Lings en Laura Jones, STANLIB ekonome

Die wêreld se ekonomie is verby die herstelfase en gaan nou 'n langsame, stewige groeipatroon vir die jaar binne

Ekonomiese herstel bly die tema vir 2011. Die Wêreldbank is van mening dat die wêreld ekonomie wegbeweeg van die na-krisis herstelfase na 'n stadiger, maar steeds stewige groei vir vanjaar en aanstaande jaar, met ontwikkelende lande wat byna die helfte van die wêreldwye groei bydra.

Groei bly sterk in ontwikkelende ekonomieë

Ekonomiese groei, wat in 2010 met 3.9% toegeneem het, sal in 2011 vertraag tot 3.3% voordat dit in 2012 'n vlak van 3.6% bereik. Die geprojekteerde groeisyfers in die tabel dui aan dat groei in ontwikkelende lande steeds beter as in hoë-inkomste lande sal wees.

	2010	2011	2012
Ontwikkelende lande	7%	6%	6.1%
Hoë-inkomste lande	2.8%	2.4%	2.7%

In die meeste ontwikkelende lande het BBP weer vlakke bereik wat sou geheers het indien daar geen wêreldwye kredietkrisis was nie.

Die oë bly gevestig op die VSA

Krities gesproke het die meeste ekonomiese veranderlikes in die VSA in die loop van verlede jaar konstant verbeter, byvoorbeeld veral die aanduidings van verbruikersbedrywighede. Gevolglik is die konsensus 2011 BBP-voorspelling vir die Amerikaanse ekonomie in die afgelope paar maande aansienlik opwaarts hersien en staan dit huidige op 3.1% vir 2011. So onlangs soos in Oktober 2010 was dit egter nog op 2.4%.

Dit beteken nie dat die Amerikaanse ekonomie stewig op koers is om na vorige groeikoerse terug te keer nie. Daar is steeds 'n aantal belangrike strukturele ekonomiese bekommernisse:

Huisvesting: Die huismark bly steeds besonder swak en is waarskynlik die swakste enkele aspek van daardie ekonomie. Daar is ongelukkig 'n strukturele oorvoorsiening van huisvesting, wat enige betekenisvolle herstel in die Amerikaanse huismarktoestande minstens vir 'n aantal jare weerspreek. Behuising is egter relatief goedkoop, dus sou huidige prysvlakke gehandhaaf kan word.

Werkverskaffing: Die Amerikaanse mark het waarneembaar verbeter sedert die amptelike einde van die resessie in Junie 2009. Om egter die werkloosheidsyfer op 'n volhoubare grondslag te begin verlaag (sonder enige verandering in die deelname-koers van die arbeidsmark), sal die ekonomie konsekwent sowat 100 000 werkgeleenthede per maand moet skep. Dit bly nog 'n stryd.

Van hierdie faktore kan afgelei word dat die Amerikaanse ekonomie sal sukkel om na vroeëre gemiddelde groeikoerse terug te keer, maar dit lyk eweneens asof die Amerikaanse ekonomie die ergste van die krediektkrisis suksesvol genavigeer het en sodoende 'n dubbele resessie-insinking vermy het.

Europa sukkel

Die herstel wat ons in die VSA gesien het, ontwyk steeds talle Europese lande. Hierdie ekonomieë, wat Griekeland, Ierland, Portugal en Spanje insluit, gaan steeds gebuk onder groot skuld en streng maatreëls wat groot bestedingsbesnoeiings en belastingverhogings voorskryf. Hoewel hierdie maatreëls uiteindelik tot gesonder ekonomieë mag lei, gaan die proses jare duur en plaas die traë groeikoers toenemende druk op die Euro.

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) voorsien dat lande wat die Euro gebruik, vanjaar teen 'n gemiddeld van slegs 1.5% sal groei. Die prentjie oor die langer termyn is ook nie veel beter nie. Teen 2015 verwag die IMF dat die groei in die Euro-gebied op slegs 1.7% sal staan. Hierdie syfers dui op 'n lang en pynlike paadjie terug na ekonomiese voorspoed.

Voedsel-inflasie 'n bron van kommer

'n Belangrike bron van kommer wat in die afgelope paar maande kop uitgesteek het, is die risiko van hoër wêreldwye inflasie. Internasionaal het voedsel-kommoditeitspryse die afgelope jaar met sowat 30% gestyg (in Amerikaanse dollar), terwyl die olieprys skerp gestyg het tot byna \$100 per vat. Verder is talle industriële kommoditeitspryse op rekordvlakke.

Die uitwerking van hierdie prysdruk op inflasie sal sterk beïnvloed word deur die sterkte van die wêreldwye ekonomie en die buigsaamheid van individuele ekonomieë om op groeiende prysdruk te reageer.

Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.